


## MA EN DOGTERAAND - Maandag 1 Augustus 2016 om 18:00 by NGK Pierneef kerksaal.

Motiveringspreker **Leandie du Randt** (Ivanka van Binnelanders) en gaskusternaar **Irene-Louise van Wyk**.

Kaartjies is **R100** pp en kan gekoop word by **Michelle Kriel** (0784224311) michellek@citadel.co.za of **Magda Oostuizen** (0825605400) oosthuizenmagda@gmail.com.

Ingesluit: Sop en broodjies (wat voor die aanbieding genuttig kan word).

**RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE**

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com. Kontak nommer is 0721113100

NG Kerk Rietfontein-Suid

Ons Gee Om

# Die Rietfluit

JAARTEMA:
**GESTUUR ....**

**Julie 2016**

## DISSIPELS IS GESTUURDES

(Rietfontein-Suid se Jaartema vir 2016 is **"GESTUUR…"**)

**Jesus self stuur ons uit in sy Naam**.

Wanneer Jesus in Lukas 10 die 72 dissipels uitstuur, is hulle verteenwoordigend van ons almal. Hulle is deeglik bewus van hul groot taak.

Daarom moet hulle self bid, vir nog arbeiders om die oes in te bring! Die gestuurdes bid. Daar is nie ouens op die pawiljoen wat bid nie. Die wat bid, is ook die gestuurdes!

**Vir Jesus is daar nie iemand soos pawiljoensittende godsdienstiges nie.**

**Gestuurdes, dissipels, leef hul geloof in die voorste linies uit.** Hulle is soos lammers tussen wolwe, sê Jesus in Lukas 10:3. Maar Jesus stuur ons, en daarom kan ons op Hom vertrou!

**Hy stuur ons ook uit na die regte wêreld. Hy stuur ons nie in 'n gemaksone in nie.** Ons het nie geld, byvoordele, gerief of gewildheid wat op ons wag as gestuurdes nie.

Daar is ook 'n dringendheid by gestuurdes.(10:4). Dissipels is ook verhoudingsbouers. Hulle kom by mense uit in hulle regte lewensomstandighede. Hulle bereik hulle waar hulle leef. Hulle leef hul eie oortuigings uit, daar waar hulle as gestuurdes mense vir die Here bereik. Hulle gee om vir mense in hulle nood.(10:8-10.)

*Ons Visie:* ***Deur Christus-liefde gee ons vir almal om***

**Gestuurdes van die Here gaan in sy gesag. Groot gesag. Die Here se gesag!**

Mense verwerp ook nie vir jou nie, maar die Here se boodskap as hulle verwerp. (10:13-16.)

Gestuurde dissipels ervaar ook groot oorwinnings, en vreugde! (10:17-24.) Maar hulle meet nie sukses in menslike terme nie. Dit is nie hul eie oorwinnings nie. Hulle enigste dryfveer is hul liefde vir die Here!

**Ons is deel van hierdie taakmag van die Here in hierdie wêreld!** Hierdie taakmag se name staan opgeskryf in die hemel.(10:20.) En elkeen wat saam met ons die goeie nuus van Jesus omhels, die wonderlike nuus wat ons daagliks uitdeel, en uitleef, is saam met ons op pad daarheen!

*Geskryf deur Ds Ernest Horn van NG Wonderboom*
*Ds L Tait*

## - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- **18 Julie:** Skole open
- **24 Julie:** Doop en Gemeente-tee
- **31 Julie:** Youthbash

**Sien jou daar!**


**BOOMSLOPINGS & SNOEI**


GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

**KONTAK ERNST by 083 656 4992**

www.treecarepta.co.za





## KARWAS




**Elke eerste Saterdag van die maand**
**Waar?** Op kerkgronde aan konsistoriekant op teerblad
**Pryse:** was-en-ry R20 en was-en-stofsuig R35
**Tyd: 9:00-12:00**

Om vir werkloses geleentheid te skep vir 'n paar rand oorlewingsgeld.

## Naaldwerkklas Donderdae



14:30-16:15

Almal welkom. Kom leer naaldwerk doen of as jy self vaardig is kom help dan die ander om te leer.

Kontak Afke 012 330 1400

## OMGEE-BEDIENING

### *Die Gemeente wat vir almal omgee!*

Omgeegroepe
Ons gee om.

**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!**
**Jy sal nie spyt wees nie.**

**VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:**

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

*Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief: Tommy Rademeyer Tel: 082 372 9803 of*
e-pos: rademeyer.tommy4@gmail.com

## AANBIDDINGS-BEDIENING

GEBEDSBEDIENING

Geen mens is groter as sy gebedslewe nie. As ons hier versuim, versuim ons oral. Lees 2 Kronieke 7:14. Hou asseblief aan bid vir Herlewing.




GEBED HET
GROOT KRAG



# MOOT CARE FUNKSIE

**19 AUGUSTUS 2016 OM 19:00 TE NG GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID KERKSAAL**

***Die gaskunstenaar (sanger)***

***Dewald von Solms***



- *HEERLIKE ETE MET NAGEREG (INGESLUIT) VIR **R100PP***
- *KAARTJIES BY ENIGE VAN DIE GASVROUE BESKIKBAAR*

*OF KONTAK WILLA by 0723198292 OF PETRO by 0720489856*

**KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE**

KITAAR: leer speel en sing heerlik saam,
Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes.
Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe.
**Kom maak jou musiek-droom waar!**
Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.

**Kontak Kobus Nel 082 961 9425.**

# LIDMAAT-BEDIENING

**MEI 2016**

Baie welkom aan al die nuwe lidmate.



Willem en Chantel Odendaal



Piet du Preez



Christine Luther





Alex en Mariaan Theron

## 40 Dae

**Afskop**
**Sondag 14 Augustus**



**Stories vir Lewe**

**'n 40 dae van Jesus se woordprentjies wat jou vorm**

(7 Gelykenisse in preke en 7 gelykenisse in die kleingroepe)